

BORDUURWERK: COLBERTBORDUURWERK

VEREISTES:

Enige voltooide artikel in Colbertborduurwerk.

Muurprente mag gemonteer wees, maar geen glas of rame is toelaatbaar.

COLBERTBORDUURWERK

Hierdie borduurwerk is van Franse afkoms en is 'n growwe, kleurvolle tipe borduursoort met 'n samestelling van vryhand- en getelde draadwerk. Die ontwerpe is sterk met dik vloeiende omlyning en kurwes. Die agtergrond van die ontwerpe word ingevul met getelde invulpatrone en kontrasteer duidelik met die vloeiende lyne en kurwes van die ontwerp. Die agtergrond van die werk word heeltemal geborduur in getelde draadwerk in geometriese patronen tot teenaan die ontwerplynne. Soms word dele van die ontwerp ook met oppervlaksteke versier.

KLEUR

Tot soveel as drie kleure mag gebruik word. Die buitelyne van die werk kan in meer as een kleur gewerk word, gewoonlik in donkerder skakerings as die agtergrondwerk.

ONTWERP

'n Goeie ontwerp is 'n absolute voorvereiste vir enige suksesvolle borduurstuk. Die ontwerp moet pas by die tipe artikel, asook die fatsoen en grootte van die artikel. Eie ontwerpe kan saamgestel word deur verskillende ontwerpe soos blomme, blare ens. maar ook met abstrakte ontwerpe. Die ontwerpdele word slegs omlyn en oopgelaat (soos by Assisiwerk) en die agtergrond dan ingevul.

BORDUURSTOF EN GARE

'n Ewedraad linne- of katoenstof word gebruik bv. Lugano, Linda, Belfast of "Even weave". Hierdie stof kan grof of fyn wees maar moet aanpas by die ontwerp, grootte van die artikel en die skaal van die ontwerp.

Pêrelkatoen no 3 of 5 vir buitelyne en no 8 of stringkatoen vir invulsteke word aanbeveel.

Waak teen te growwe ewedraadstof wat die vryhand borduur van vloeiende buitelyne mag bemoeilik.

BORDUURSTEKE

Enige gesikte lynsteke vir omlyning bv. : Koraalsteek, kettingsteek of variasies daarvan, Portugese stamsteek, dubbele geknoopte steek (Palestrinasteek), komberssteek variasies, ens.. Invulsteke vir agtergrond: Swartwerksteke, of saamtrekwerksteke wat nie styfgetrek word nie is gesik.

NAALDE

Chenille (skerp punt) naalde wat pas by die dikte van borduurdraad en borduurstof wat gebruik word, word aanbeveel.

BORDUURRAAM

Die gebruik van 'n borduurraam word aanbeveel vir egalige spanning.

OORDRA VAN ONTWERP

Ontwerpe kan direk op die borduurstof afgetrek word of met klein rygstekies oorgebring word.

Geen ontwerplynne mag egter na voltooiing van die artikel sigbaar wees nie.

AFWERKING

Randafwerking (indien gebruik) moet pas by die tipe artikel en die ontwerp en moet die artikel komplimenteer.

Bibliografie:

Broderie Colbert – TH de Dillmont, Mulhouse France kan gratis van die internet afgelai word

Borduur so – Hetsie v Wyk (vir invul- en lynsteke)

Fynkuns Borduurgilde nuusbrieve no 76, 114, 144.

Internet: Colbert Embroidery

Hettie v Huyssteen

EMBROIDERY: COLBERT EMBROIDERY**REQUIREMENTS:**

Any completed article in Colbert embroidery.

Wall hangings may be mounted but no glass or frames are allowed.

COLBERT EMBROIDERY:

The origin of this kind of embroidery is French. It is a rather coarse, colourful type of embroidery consisting of a combination of freehand lines or curves and counted thread work. The designs are bold with thick, smooth lines and curves. The background is then filled with counted thread stitches in geometric patterns up to the bold outlines. Some of the designs may also be enhanced with surface embroidery.

COLOUR:

As many as three colours may be used. The outlines of the designs may be worked in more than one colour, usually in darker shades than the background.

DESIGN:

A good design is essential for any successful article. The design must suit the type of article, the shape and the size. Own designs can be done with a combination of shapes of flowers, leaves, etc. as well as abstract designs. These elements are only lined and then left open (similar to Assisi work) but the background is then filled with surface stitches.

EMBROIDERY FABRIC AND THREAD:

Even weave linen or cotton fabric is used e.g. Lugano, Linda or Belfast. This fabric may be coarse or finely woven but must suit the design, size and shape of the article. Guard against very coarsely woven fabric that may create difficulty with smooth curves.

Pearl cotton no 3 or 5 is used for the bold outlines and no 8, 12 or stranded cotton for the background.

EMBROIDERY STITCHES:

Any line stitches for outlines: Coral stitch, chain stitch or variations thereof, Portuguese stem stitch, double knot stitch (Palestrina), blanket stitch and variations etc.

Filling stitches for open areas: Black work stitches, or stitches used for drawn fabric work but not pulled tightly, etc.

NEEDLES:

Chenille (sharp point) needles suitable for the thread used are advised.

EMBROIDERY FRAME:

The use of an embroidery frame is recommended for even tension.

TRANSFER OF THE DESIGN:

Designs may be transferred directly onto the fabric or done with small tacking stitches. No design lines may be visible on the completed article.

FINISHING OFF:

Embroidered edging may be used but must enhance the article and the design.

Bibliography: Broderie Colbert – TH de Dillmont, Mulhouse France can be
downloaded free of charge

Embroider now – Hetsie v Wyk (for background stitches)

Fynkuns Borduurgilde nuusbriewe no 76, 114, 144

Internet – Colbert Embroidery

Hettie v Huyssteen